

**Titel:** Bevryding  
**Pastor:** Lucille May  
**Datum:** 16 Januarie 2011  
**Tyd:** 09:00



### Galasiërs 5:22-23

<sup>22</sup> Die vrug van die Gees, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid,  
<sup>23</sup> nederigheid en selfbeheersing...

### Eksodus 3:7

<sup>7</sup> Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding **ter harte geneem.**”

### Eksodus 2:25

<sup>25</sup> Hy het die nood van die Israëliete gesien en dit **ter harte geneem.**

### Eksodus 3:14

<sup>14</sup> Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israëliete sê: ‘**Ek is**’ het my na julle toe gestuur.”

### Eksodus 6:2

<sup>2</sup> Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die **Here**, het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie.

### Eksodus 2:23

<sup>23</sup> Die jare het verbygegaan, en **die koning van Egipte het te sterwe gekom**, Die Israëliete het gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan.

### Eksodus 5:22-23

<sup>22</sup> Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê: “Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk? Waarom het U my nou eintlik gestuur? <sup>23</sup> Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie!”

### Eksodus 6:1

<sup>1</sup> God het vir Moses gesê: “**Ek is die Here!**”

### Eksodus 8:22a

<sup>22</sup> Maar dié dag sal Ek 'n uitsondering maak van die **Gosenstreek** waar my volk woon...

### Eksodus 12:23

<sup>23</sup> As die Here verbykom om die Egiptenaars te tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy **sal nie die verwoester in julle huise laat kom** om julle te tref nie.

### Romeine 7:19-25a

<sup>19</sup> Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. <sup>20</sup> En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit **nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.** <sup>21</sup> So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. <sup>22</sup> Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, <sup>23</sup> maar **ek sien** in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit **maak my 'n gevangene** van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. <sup>24</sup> Ek, ellendige mens! **Wie sal my verlos** van hierdie doodsbestaan? <sup>25</sup> Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.

### Jeremia 17:9

<sup>9</sup> **Bedrieglik** is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit, wie kan dit ken?  
( **skelmste** ding wat bestaan )  
( Daar is niks wat jou so kan **kul** soos die menslike hart nie )

### Romeine 10:13

<sup>13</sup> want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

### Jakobus 5:16a

<sup>16</sup> Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

### Eksodus 12:21a, 28

<sup>21</sup> Moses het toe al die leiers van Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê...

<sup>28</sup> **Soos die Here vir Moses en Aäron beveel het, presies so het die Israëliete gedoen.**

### Eksodus 6:5

<sup>5</sup> Daarom moet jy vir die Israëliete sê: Ek is die Here. **Ek sal** julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. **Ek sal** julle van die verknegting verlos, **Ek sal** julle vry maak met mag en met groot reddingsdade.